

**29 Junie**

**Skrifgedeelte :1 Timoteus 1:12-20**

**Fokusgedeelte : 1 Timoteus 1:16**

### **Swaarmoedig oor 'n spesifieke sonde van die verlede**

Een van die mees genadelose vyande van ons innerlike vrede is ons sondes uit ons verlede. Onaangename herinneringe bring gevoelens wat mens aftakel en jou stempel as sleg en verlore! Jy is later oortuig jy sleep 'n rinkelende ketting saam met jou en dat jy dit nooit uit jou lewe sal kan lossny nie. Is dit God se wil dat ons so swaarmoedig bly? Nee, God wil dat ons bevry word van ons skouervragte sondes van gister. Ons moet kan getuig dat die Here ons verlos het! Gebeur dit nie, het jy nog nooit die blye boodskap van Jesus Christus ontdek nie.

Deur sy voorbeeld wys Paulus aan ons hoe om hierdie skimbeelde uit die verlede te hanteer. Hy sê aan sy lesers as hulle nou ooit iemand wil sien wat moet ly onder sy gewete oor sy verlede, is dit hy. Voor sy bekering het hy Jesus Christus belaster, sy kerk vervolg en beledig. Tog het hy die Here se genadige verlossing ontdek. Die oomblik toe hy op pad na Damaskus daarvan bewus geraak het dat die Here hom roep, het hy hom met kinderlike geloof aan die Here oorgegee. Oorlaai met God se liefde en geloof in sy hart, het hy besef God vergewe. Sy verlede is toegemaak en verseël en Paulus is geskik geag om in die Here se diens te staan!

My sondes en jou sondes is nie afskuweliker en onvergeefliker as Paulus s'n nie. Nee, dieselfde genade van God is nodig om die aanvaarbaarste en fatsoenlikste vroujie te vergewe as om die veragtelikste en ongevoeligste man te vergewe en tot bekering te bring. Kom, draai weg van gister en stap saam met ons môre tegemoet. Bely saam met Paulus in Fil 3:13: "...ek verbeel my nie dat dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en ek strek my uit na wat voor is." Stap as Christen met blydschap hier uit – jou ketting is ook losgeknipt.

*Sing: Psalm 138:1,4 Dr JL Venter (Pretoria-Annlin)*